**Ellende!**

**Eks 1:1-22**

**21 Januarie 2024**

1. Vantevore: Eksodus is prentjie profesie van verlossingsproses: ellende, verlossing en dankbare reaksie. Eksodus is verbondsnarratief. Eksodus leer ons wie die Here is: Verbondsgod, Verlosser, Metgesel, inwonende God, heilig.
2. Bespreking van geskiedkundige gebeure in Eks 1
    a. Voortsetting van geskiedenis van 12 seuns van Jakob (v1-6, vgl Gen 46:8-27)
    b. Almal wat in Egipte was aan die begin van Eksodus, is in Egipte gebore (v6)
    c. Israeliete was vrugbaar (v7)
    d. Nuwe farao nie goedgesind teen Israel nie, "slim" plan om groei te stop (v8-10):
        - Dwangarbeid om Pitom/Ramses te bou (v11-12)
        - Gewelddadige dwang vir bouwerk en op landerye (v13-14)
        - Vroedvroue moet seuntjies doodmaak (v15-21)
        - Egiptiese volk moet seuntjies in Nyl verdrink (v22)
    e. "Slim" plan het nie gewerk nie – die volk groei steeds
3. Perspektief van die res van die Ou Testament op die situasie in Eks 1
    a. Die Here het vooruit verdrukking van 400 jaar aangekondig (Gen 15:13-16)
    b. Die Here het Jakob aangemoedig om te gaan, beloof om saam te gaan en om hulle terug te bring (Gen 46:1-4)
    c. Egipte is plek van slawerny (Eks 20:2, Deut 6:12, 21)
    d. Egipte is ystersmeltoond (Deut 4:20, 1 Kon 8:51, Jer 11:4)
    e. Die volk was in Egipte al skuldig aan afgodery/owerspel en was op die punt om oordeel van die Here te ervaar (Jos 24:14, Eseg 20:4-9, Eseg 23)
    f. Ellende in Egipte was dus verdiend
4. Die betekenis van Eks 1 in terme van die Nuwe Testamentiese evangelie
    a. 12 seuns van Jakob = 12 stamme in diaspora (Jak 1:1, 1 Pet 1:1-2)
    b. Al die Israeliete is in slawerny gebore, onmagtig om hulleself te red, het die slawerny verdien – tipe van alle mense, veral gelowiges
        - Elkeen wat sonde doen, is slaaf van sonde (Joh 8:34)
        - Verlossing is nodig om nie meer slaaf van sonde te wees nie (Rom 6:6, 16b)
        - Gelowiges het vroeër geleef vlgs leefwyse van hierdie bedeling/heerskappy van duiwel, bestem vir God se oordeel (Ef 2:1-3)
        - Gelowiges moet vrygemaak word van strik van die duiwel (2 Tim 2:26)
    c. Wat is die verskil tussen Israeliete en Egiptenare?
        - Beide is sondig, dien afgode, onder beheer van farao, verdien God se oordeel
        - Maar die Israeliete is deur God uitverkies (Eks 1:1-2)
        - Israel is nie uitverkies omdat hulle heilig/regverdig was nie, maar om heilig/regverdig gemaak te word (1 Pet 1:2)
    d. Soos farao op Israel fokus, fokus die duiwel op uitverkorenes
    e. Farao se doodmaak van seuntjies, was poging van duiwel om geboorte van Jesus te voorkom – Herodes het dieselfde tegniek o.l.v. die duiwel probeer met Jesus se geboorte.
        - Die eintlike stryd is tussen die duiwel en die Here self
5. Samevatting
    a. Eks 1 is 'n prentjie van ellende
    b. Maar daar is hoop: die volk groei steeds, die vroedvroue staan teen, die belofte/eed van die Here staan steeds